MPO Nuusbrief

Verteenwoordig en bemagtig die produsent **20 Janua**

Montic kondig produsenteprysverhoging aan

Melkkoper Montic het op 10 Januarie 2012 aangekondig dat produsentepryse vanaf 1 Februarie 2012 met 40 sent per liter sal styg. Daar is ook aangedui dat verdere prysverhogings in lyn met kleinhandelspryse mag volg. Mnr Bertus de Jongh het gesê die MPO verwelkom die produsenteprysverhogings wat landswyd vir 2012 aangekondig is, aangesien dit bydra tot die volhoubare produksie van genoegsame melk.

Gevaar van stagnasie in melkproduksie

Die gevaar bestaan dat Suid-Afrika se melkproduksie kan stagneer en selfs afneem indien bestaande tendense voortduur. Nadat produksie in 2010 met 5% gestyg het teenoor 2009, word produksie vir 2011 tans geskat op 2 627 miljoen liters, wat bykans dieselfde is as die vorige jaar. Die MPO skat die produksie vir 2012 op 2 624 miljoen liters, wat marginaal laer is as 2011. Die langtermyn tendens van melkproduksie dui aan dat die groei in produksie afgeneem het oor die afgelope drie jaar. Die hoofredes hiervoor is die agteruitgang van melkplaas winsgewendheid wat deur hoë insetkoste en stagnante produsentepryse veroorsaak is. Hoë vleis- en graanpryse het voorts die aantreklikheid van graan-en vleisboerdery teenoor melkboerdery verhoog. MPO ekonoom Dr Koos Coetzee sê dat die verstadiging in melkproduksie slegs gestuit kan word indien prosesseerders pryse aansienlik verhoog.

MPO oorweeg opsies vir die toekoms

'n Komitee wat tydens die MPO-direksievergadering van 20 September 2011 deur die direksie aangestel is, het op Dinsdag, 17 Januarie by die MPO se hoofkantoor vergader om die belyning van die organisasie se strategiese doelwitte met die veranderende behoeftes van melkprodusente in 'n dinamiese omgewing te bespreek. Aanbevelings rakende strukturele veranderings ten opsigte van die MPO sal tydens die volgende MPO-direksievergadering op 23 Februarie 2012 verder bespreek word.

Neem die voortou met tegnologie

Me Lise Roberts van RSG het met mnr Jan Serfontein, streeks verkoopsbestuurder van DeLaval in KwaZulu-Natal, gesels oor die voordele wat 'n belegging in outomatiese kalfgrootmaaktegnologie vir boere inhou. Gebruik die ikoon hieronder om na hierdie onderhoud te **luister** en **lees** die artikel op bladsy 25 van die Januarie-uitgawe van *The Dairy Mail*.

(Hierdie ikoon kan van u rekenaarskerm geskandeer word.)

Misbestuur

Mnr Dawid Roux, melkprodusent van Tarlton, het die finansiële- en omgewingsvoordele van die gebruik van bemesting en flodder met me Lise Roberts van RSG bespreek. Gebruik die ikoon hieronder om na hierdie onderhoud te **luister** en **lees** die artikel op bladsy 41 van die Januarie-uitgawe van *The Dairy Mail*.

(Hierdie ikoon kan van u rekenaarskerm geskandeer word.)

MPO Noord staatmaker lei NTK direksie

Mnr Pierre Jacobs, voormalige MPO Noord voorsitter en bekende melkprodusent van Nylstroom, is onlangs verkies tot voorsitter van NTK se direksie. Die MPO wens hom geluk met sy aanstelling

Nuwe etiketteringregulasies ingrypend

Die nuwe regulasies ten opsigte van die etikettering en advertensie van voedsel (R146 van 2010) wat op 1 Maart 2011 in werking tree is ingrypend en het aansienlike koste-implikasies. Elke voedseletiket in Suid-Afrika moet verander word om aan die nuwe regulasies te voldoen. Indien u besigheid een van die vele is wat deur die nuwe etiketteringsvereistes geraak gaan word <**kliek hier**> vir 'n opsomming van relevante artikels met direkte skakels na die webwerwe waar dit gepubliseer is.

Teken boeredag te Lichtenburg in u dagboek aan

MPO Noord en Addcon bied op 21 Februarie 2012 'n boeredag met die tema *Praktiese Kuilvoer* aan. Die geleentheid sal vanaf 10:00 op mnr Sakkie Roode se plaas Doornhoek in die Lichtenburgomgewing plaasvind. Die program beloof om baie interessant en insiggewend te wees en sluit 'n aanbieding oor die wetenskap van kuilvoer deur 'n internasionale kenner, asook praktiese demonstrasies en produktentoonstellings in. Vir meer inligting hieroor, skakel Alta by 082 569 1409 of Christelle by 018 632 9742.

Vind baat by vaardigheidsprogramme vir plaaswerkers

Melkprodusente kan weereens baat vind by 'n verskeidenheid AgriSETA-geakkrediteerde asook ander vaardigheidsprogramme van die Instituut vir Suiweltegnologie (IST) gerig op kapasiteitsontwikkeling en die bemagtiging van melkplaaswerkers wat gedurende 2012 aangebied sal word. Kursusse oor onderwerpe soos melkproduksie, kunsmatige inseminasie, basiese beginsels van toesighouding en basiese sakekennis sal op die plaas in hulle eie taal aan werkers aangebied word. Die koste van die opleiding beloop R50 per werker en alle kursusse vind oor vyf dae plaas, met uitsondering van die drie-dagkursus oor motivering en werksetiek. Om u werkers vir een of meer van hierdie kursusse te registreer of om meer inligting te bekom, skakel Jas Wasserman by 082 490 2465 of stuur 'n e-pos aan **jas@mpo.co.za**

ERROR: undefined
OFFENDING COMMAND: f‘~

STACK: